Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

AUGUSTUS 2021

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

DEURBRAAK MET ALTERNATIEWE ENERGIE VIR OVERSTRAND

Op 21 Mei 2021 het Munisipaliteit Overstrand 'n gebruik-van-stelsel-ooreenkoms aangegaan met Enpower Trading, 'n maatskappy wat handeldryf in hernieubare energie. Sodoende is die eerste stap geneem om die mark vir hernieubare energie op 'n groen en volhoubare wyse te betree.

Hierdie baanbrekerooreenkoms sal dit vir die munisipaliteit moontlik maak om munt te slaan uit die nuwe energieregulasies sodat daar van afhanklikheid van Eskom na hernieubare energie verwissel kan word.

Overstrand se onderburgemeester Elnora Gillion het uitgewys dat alhoewel die munisipaliteit hom nooit ten volle van Eskom sal kan losmaak nie, dit van vaste voorneme is om alternatiewe maniere te vind om elektrisiteit op te wek en/of te koop in 'n poging om die impak te versag wat beurtkrag op plaaslike sakeondernemings en inwoners het.

Nikolai Germann, 'n direkteur van Enpower Trading (Edms.) Bpk., het verduidelik dat hierdie 'n Suid-Afrikaanse maatskappy is wat hernieubare energie verhandel en saamgestel is uit SolarAfrica Energy ('n maatskappy wat daksonkraginstallasies finansier en ontwikkel) en Enterprise Power ('n pan-Afrikaanse kragontwikkeling-en-verhandelingsmaatskappy).

Volgens hom het Enpower Trading 'n sakemodel ontwikkel waarvolgens hernieubare energie vanaf onafhanklike kragprodusente bekom en oor munisipale kragnetwerke uitgerol word om groen energie aan belangstellende kliënte teen 'n afslag op die heersende kragtariewe te bied.

"Enpower Trading vergoed munisipaliteite vir die gebruik van hul netwerke en munisipale bobelasting soos goedgekeur deur die nasionale reguleerder NERSA. Mettertyd sal Enpower Trading ook met oplossings vorendag kom om krag plaaslik te stoor sodat die risiko van beurtkrag vir munisipale lede afgeweer word," het Germann gesê. Hierdie ooreenkoms voldoen aan die doelwitte van die nasionale energiebeleid en die regulering van die kragsektor.

Verhandeling sal 'n aanvang neem sodra NERSA 'n lisensie aan Enpower Trading toegeken het. In hierdie verband, let daarop dat kragverhandeling in Overstrand steeds onderworpe is aan NERSA se goedkeuring van munisipale tariewe. Overstrand se munisipale bestuurder, Dean O'Neill, het gesê dat selfs al sou die konsepte en bepalings effe vreemd voorkom, die tyd aangebreek het vir die munisipaliteit om progressief in hierdie verband op te tree. Hy het ook sy gerusstelling aan Overstrand se inwoners gebied dat alle prosesse nougeset nagekom sal word in die munisipaliteit se strewe om "groen energie" as 'n alternatief aan te bied. "Desnieteenstaande is ons vasberade om Enpower Trading by te staan in sy aansoek om 'n lisensie van NERSA sodat ons 'n einde aan Eskom se monopolie kan maak," het hy bygevoeg.

Na verwagting sal Enpower Trading se tenderproses om onafhanklike kragprodusente (IPP's) aan te stel, teen die einde van vanjaar afgehandel wees waarna hierdie IPP's sal begin om aanlegte op te rig wat hernieubare energie opwek sodat dit na die munisipale netwerk gevoer kan word.

BAANBREKEROOREENKOMS ONDERTEKEN: Onderburgemeester Elnora Gillion, munisipale bestuurder Dean O'Neill, Nikolai Germann (direkteur: Enpower Trading), Overstrand se senior bestuurder: elektriese dienste Koos du Plessis, Charl Alheit (direkteur: Enpower Trading) en Overstrand se direkteur: infrastruktuur en beplanning Stephen Müller het die ondertekening van die gebruik-van-stelsel-ooreenkoms gadegeslaan.

HERWINNING IN HERMANUS EN OMSTREKE HERVAT WAARSKYNLIK IN SEPTEMBER

Materiaalherwinning- en openbare-aflaaifasiliteit tans in aanbou in Hermanus.
Die insetsel wys die ligging van die staalkonstruksie wat die oponthoud veroorsaak het.

Oprigting van die nuwe materiaalherwinning- en openbare-aflaaifasiliteit in Hermanus is deur verskeie terugslae geteister.

In die loop van Maart vanjaar het 'n stormsterk wind erge skade aan drie van die staalrame aangerig wat 'n gedeelte van hierdie struktuur gaan huisves.

'n Inspeksie deur struktuuringenieurs het bevind dat die tipe staal wat vir hierdie rame gebruik is, substandaard was en die kontrakteur is opdrag gegee om 'n ander tipe staal hiervoor te bekom. Gegewe die tekort aan staal wat tans in die land ervaar word, het hierdie opdrag daartoe gelei dat die konstruksieproses met ongeveer drie maande vertraag is.

Nietemin, konstruksie is weer in volle swang en die fasiliteit sal na verwagting in die loop van Augustus oorhandig word aan 'n behoorlik aangestelde operateur. Met verwysing na laasgenoemde, let daarop dat uitnodigings om vir die bedryf van hierdie fasiliteit te tender 'n wyle gelede gesluit het en dat alle tenders wat ontvang is, tans geëvalueer word.

As alles volgens plan verloop, sal materiaalherwinning in Hermanus en omstreke weer in September 'n aanvang neem.

Inwoners sal via 'n openbare kennisgewing ingelig word van die datum waarop die twee-sak-vullisverwyderingstelsel weer sal hervat.

’N OPE UITNODIGING AAN OVERSTRAND SE JEUG:

WORD DEEL VAN DIE DIALOOG EN VERTEL ONS WAT JOU BEHOEFTES IS

Munisipaliteit Overstrand is maar al te bewus daarvan dat ons dikwels nie ag slaan op die menings van jong mense oor hoe ons ons sake benader en uitvoer nie.

Maar as ons nou kraak eerlik wil wees, is dit ook waar dat ons nooit hoor wat julle menings is nie bloot omdat julle ’n erge weersin het in enigiets met ’n sweempie van “burokrasie”.

En ons kan julle nie blameer nie: Wie het nou lus om ’n wykskomitee-vergadering by te woon of om die moeite te doen om jou mening, ***op skrif nogal*** aan jou Raadslid (met ’n hoofletter “R”) te rig?

Die ongeluk is dat tensy julle ons sê waaraan julle ’n behoefte het, ons nie sal weet hoe om op daardie behoeftes te reageer nie.

Maar daar is darem ook ’n bietjie goeie nuus: Ons het op langelaas besef dat waarna julle ouens soek, is ’n veilige ruimte wat eksklusief op jeugaangeleenthede gefokus is waar julle jul menings kan lug.

Dit is dan ook juis waarom ons ’n spesiale Jeugkantoor op die been gebring het waar ons gesprekke kan aanknoop oor daardie kwessies wat julle raak sodat ons saam daaraan kan werk om geleenthede te ontsluit wat jul lewensgehalte sal verbeter.

Om te sorg dat die Jeugkantoor ’n diens lewer wat werklik relevant is vir mense in die ouderdomsgroep 16 tot 35 jaar het ons egter jou hulp nodig.

Om mee te begin, vul asseblief die Jeugkantoorvorm in en stuur dit so gou moontlik terug. Hierdie vorm is beskikbaar by die volgende plekke:

- Op ons webwerf: www.overstrand.gov.za
  Gaan na DOCUMENTS, kies FORMS en vind “Updated youth desk forms”.
  Laai die dokument af en vul dit in.
- E-pos enige van die volgende en vra dat ’n vorm aangestuur word:
  youthdesk@overstrand.gov.za, LEDtemp5@overstrand.gov.za,
  of rsalies@overstrand.gov.za
- Besoek jou naaste LED-kantoor in Gansbaai, Stanford, Kleinmond,
  Hawston of Hermanus, of die Thusong-sentrum in Hawston en vra vir ’n vorm.

Op hierdie vorm kan jy ons vertel van die jongmense in jou area se behoeftes (met inbegrip van ’n behoefte aan opleiding en vaardigheidsontwikkeling) en sê hoe jy dink daar van werkloosheid in die Overstrand werkgemaak kan word.

As jy wil hê dat die Jeugkantoor jou ingelig moet hou oor spesifieke programme of inisiatiewe wat vir jou area beplan word, verskaf asseblief ’n selfoonnommer of e-posadres. Ons sal jou dan op hoogte hou, óf via WhatsApp óf e-pos afhangende van jou voorkeur.

DEEL DIÉ BOODSKAP WYD EN SYD!

PARKERING IN HERMANUS SE SAKEKERN

Munisipaliteit Overstrand het ’n navraag van Wyk 3 ontvang aangaande die beheer van parkering in Hermanus se sakekern.

’n Aantyging is gemaak dat daar tans geen parkering ná 09:00 in die sakekern beskikbaar is nie. Daar is ook gemeld dat potensiële klante dié situasie uiters frustrerend vind en dat juis hulle ondersteuning van kritieke belang is om handel in die sakekern te ondersteun.

Volgens Wyk 3 se raadslid, ald. Kari Brice, het dit in die verlede goed gewerk toe parkeertariewe afgedwing is aangesien dit mense aangemoedig het om te parkeer, hul sake te doen en aan te beweeg om, op hierdie wyse, parkeerruimtes vir die volgende klant beskikbaar te stel. Hierdie praktyk is vroeg in 2020 tydelik opgeskort weens die Covid-19-pandemie.

Volgens Overstrand se munisipale bestuurder, Dean O’ Neill, kan die munisipaliteit nie ’n parkeerdiens implementeer waar daar van parkeeropsigters gebruik maak word alvorens ’n mate van normaliteit ten opsigte van die pandemie herstel is nie.

Die probleem is dat parkeeropsigters met kontant werk, wat getel en met vasgestelde tussenposes inbetaal moet word. Dit, tesame met die aantal opsigters wat hul opwagting by die kantoor maak, is nie bevorderlik vir die veiligheidsprotokolle wat gehandhaaf moet word nie. Gegewe dat die land tans midde-in ’n derde vlaag van infeksies is en hom tans in vlak 4-inperkings bevind, sal hierdie situasie waarskynlik vir die afsienbare toekoms onveranderd bly.

Inkopiesentrums kan egter parkeergelde hef aangesien hul parkeerareas onafhanklik van munisipale parkeerareas bedryf word.

Dit staan u steeds vry om die motorwag (geklee in ’n groen, oranje, geel of pienk glimveiligheidsbaadjie) met ’n fooitjie te beloon vir die tyd wat hy of sy bestee het om u motor op te pas.

HAWSTON SE

STORMWATERSOKKIE KRY VOETE

Die stormwatersokkie wat in Hawston geïnstalleer is om te verhoed dat afval in Paddavlei stort, het voete gekry.

Penelope Aplon, verbonde aan Munisipaliteit Overstrand se omgewings-bestuursdienste, sê hulle is heeltemal verpletter en ontnugter deur hierdie diewery.

“Dit gaan ons verstand te bowe waarom iemand hierdie sokkie sou wou steel. Dalk wil hulle dit gebruik om te stroop of vis onwettig te vang. Of dalk het iemand die sokkie se staalraam as skrootmetaal verkoop,” het sy gesê.

Paddavlei is ’n kwesbare vleiland wat deur besoedeling en oorgroeiing deur riete bedreig word. Dit is allerbelangrik om die balans in hierdie ekosisteem te herstel deur die storting van rommel te minimaliseer en die riete op ’n geordende wyse te verwyder.

Vroeg in Junie vanjaar het Munisipaliteit Overstrand se departement omgewingsbestuurs-dienste in medewerking met die Dyer Island Conservation Trust vir die eerste keer ’n “sokkie” in Hawston aangebring sodat vullis en rommel ná ’n stortvloed reën “gevang” kan word. Hierdie sokkie word van net gemaak en oor die bek van ’n stormwaterpyp se uitlaat aangebring met die doel om enige rommel te vang voordat dit in die see beland.

Enigeen wat kennis dra van hierdie diefstal word versoek om Penelope Aplon by 028 316 3724 te kontak.

Om misdaad van ’n omgewings-aard te bekamp, word inwoners versoek om enige insidente waar vis onwettig met nette gevang word aan Overstrand se wetstoe-passings (028 313 8996) of die 24-uur-beheerkamer (028 313 8111) te rapporteer.